durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

2 Junie 2019

## 2 Junie 2019, Doop, PINKSTER, Biddag: Ekologie

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Prof. Fanie Venter*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Prof. Fanie Venter*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens PINKSTER**
*Prof. Fanie Venter*

**Deuroffer: Bybelgenootskap**

Dit is die taak van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

## 9 Junie 2019, PINKSTERFEES, Biddag: Jeug & Kategese

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens, Belydenisaflegging**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Jeugwerk**

## NUUS:

30 Mei-5 Junie: D4J 10 dae van Gebed
2-5 Junie: Pinkster
9 Junie: Biddag Jeug & Kategese
14 Junie: Skole sluit & Gr 4-6 Oorslaap

**9:00 Vakansiedienste (16 Jun - 7 Jul)**

16 Junie: Vadersdag/Jeugdag
18 Junie: Doopkategese
22 Junie: Betesda-mark




## Pinkster 2-5 Junie 2019

**PINKSTERTEMA: Heilige Gees leer & laat leef**

Prediker: Fanie Venter van kerksondermure waaraan hy sedert 1996 verbonde is.
Sondag 2 Junie (8:15, 10:00 & 18:00)
Maandag 3 - 5 Junie (9:30 & 19:00)
**Soggens gratis tee en saans ligte etes te koop tussen R15 - R30**



## Pinkstertemas aandtemas word ook 9:30 volgende oggend herhaal

**God ken my (2 Junie oggenddienste)**

Hy soek my en onthou my. Jesus soek volgelinge. Joh. 1:14,18 Ps139:1-18 Matt 7:28

**Vergete God (2 Junie aanddiens)**

Lewe asof ons die Gees nie nodig het nie. Daarom lyk gelowiges dikwels nie anders nie. Hand 2:1-8, 12-18, 37-41 & Joh. 14:16-18, 25-26.

**Die stem van God (3 Junie aanddiens)**

Die geraas van die lewe veroorsaak dat ons God se stem nie hoor nie. 1 Kon. 19:9 -13

**Wie is ek? (4 Junie aanddiens)**

Ons lewe vanuit ons identiteit. Wie ons is, bepaal hoe ons leef. Matt. 4:1-11

**Briewe van Christus (5 Junie aanddiens)**

God maak ons wie ons is – briewe van Christus geskryf deur die Gees.
2 Kor. 3:1-6

**PINKSTER KOSVERKOPE ten bate van UITREIKE**

**SPYSKAART:**

Sondag: Sop (R15) ten bate sopkombuis
Maandag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30) ten bate van sopkombuis
Dinsdag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30) ten bate van House of Grace
Woensdag: Sop (R15), Kerriemaalvleisvetkoeke (R30) ten bate van House of Grace

Christus het opgestaan en so die oorwinning oor die dood bekragtig. Maar dis die Gees wat aan ons geloof skenk en wat die opstandingslewe in ons bewerk. Die Gees skakel ons by God se plan in:
as ontvangers én verspreiders van die Nuwe Lewe.

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### BERGSIG BREIPROJEK



Ons het wol aangekoop en nooi almal om saam te brei om aan iemand 'n bietjie ekstra warmte te verskaf in hierdie winter.

Daar is wol en patrone (sokkies en mussies) in die voorportaal beskikbaar. Serpe is ook welkom.

Breiwerk kan bv. vir die Merweville Uitreik tydens die skoolvakansie gebruik word.

Daar is ook deurlopend behoeftes by ouetehuise.



(Ons is vir eers klaar met die kombersie-blokke-projek)

Kom brei lekker saam en verbly ander se harte.

**Breiwerk moet by die kerk wees in die week van 10-12 Junie omdat dit in die vakansie uitgedeel gaan word.**

## Sondag 9 Junie

Jaco Janse van Vuuren en 'n paar lidmate gaan ons tweeling gemeente - His Faith Church - in Khayelitsha besoek. Daar is nog plek vir 2 persone in sy voertuig.

Kontak hom as jy wil saam gaan - 073 0176 662

### "Verhoudings deur hondestappies"

Ons gaan begin om in Fisantekraal lesse aan te bied vir honde-eienaars en hul honde. Basiese opleiding en ander insette word verskaf. Ons benodig asb. halsbande en leibande - enige grootte (dit bly ons besitting), hondevriendelike snoepgoed om honde aan te moedig bv. Beenos en dan benodig ons vrywilligers!!

Hierdie is 'n geleentheid om nuwe verhoudings te bou en dissipels te wees, dus as jy nie omgee vir stof en hondehare nie, kom help asb. Een vrywilliger per honde-eienaar werk goed. Alle ouderdomme is welkom, bring sommer jou eie honde saam, daar is altyd kinders wat nie 'n hond het nie en wil deel wees. Kom soos dit jou pas.

Ons het toestemming om die veld te gebruik op Saterdag 8 Jun, 13 Jul, 3 Aug, 7 Sep, 12 Okt, 9 Nov van 9 tot 11 uur. Lessies self is ongeveer 'n uur lank. Honde raak moeg. Daarna gesels ons net spontaan en informeel met eienaars (en honde). Veld is naby polisiestasie en veilige area, by ingang van Fisantekraal. Bid asb vir hierdie geleentheid, ons het Jesus se leiding en teenwoordigheid baie nodig. Kontak asb Rachel Hattingh 072 107 3934




### Trollieprojek

Wat benodig ons?

- wit seep
- tandepasta en tandeborsels
- aanrol deodorant vir mans en dames
- waslappies
- lyfroom
- sneesdoekies
- weggooibare skeermessies.



Ons hoop dat ons weer op jou bydraes kan staatmaak en wil jou graag uitdaag om een van hierdie items vir Alta du Toit Nasorg in jou trollie te gooi wanneer jy weer inkopies gaan doen. Vertel ook jou vriende van die projek of raak as 'n selgroep of omgeegroep

Kom kuier by Alta du Toit Nasorgsentrum en geniet die warmte en vreugde wat uitstraal vanuit ons intellektueel gestremde kliënte.

Ons bied die volgende aan in ons pragtige tuin indien die weer dit toelaat, andersins in 'n sonnige sitkamer:

Inligting en oorsig oor die sentrum en die werk wat ons doen
Begeleide toer na ons Handwerk , Terapeutiese groepe en ons Werkswinkel waar kontrakwerk verrig word
Inkopies in ons Charity Boutique
Tee en koffie met versnaperinge teen R25 pp
Besoekers kan ontvang word Maandag tot Vrydag om 10.00

Kontak Annamaré by uitreike@bergsigdv.co.za om jou bespreking te maak om op so 'n plaaslike uitreik te gaan. Kleingroepe kan hierby baat en selfs betrokke raak by hul Trollieprojek.

## Bergsigprojekte oor grense

### POPPIES VAN LIEFDE:



**Suid-Oos Asië uitreik (Frontida)**

Nog 'n lekker breiprojek: Poppies

Daar is patrone en wol op die tafel by die voordeur beskikbaar.

Die poppies hoef nie toegewerk en opgestop te word nie.

Omdat dit vir 'n spesifieke uitreik is, moet die kleure asb groen, rooi en wit wees vir die klere en die gesiggies geel (nie wit of swart nie)

KONTAK: Annamare by die Uitreikkantoor vir meer inligting.

# Voorbidding




**5 Junie is Bergsig se beurt by die gebedslokaal - El Shadai. Om saam te bid stuur naam na: geestelikeversorging @bergsigdv.co.za**

**of skryf in voorportaal op die lys asseblief.**

**Vir 10 dae bid 18 kerke saam vir Durbanville en die gemeenskap.**

**By die gebedslokaal stap ons saam deur**

**"Die wingerd".**

**Bergsig hier is ons kans om daadwerklik te bid vir al die kwessies en dinge wat pla in ons omgewing.**

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kobie Voigt | Fairtrees | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hannatjie du Preez en gesin | Kasteelbergweg 15, | Man en pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Vrou oorlede | Troos en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, | Kanker | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

## Durbanville-Bergsig Vakature: Fasiliteitebeampte

**Verantwoordelikhede**

Algemene sekuriteit / Oop- en toesluit van kerkgebou en fasiliteite

Voorbereiding van lokale bv. vir eredienste, vergaderings en ander geleenthede volgens die jaarkalender

Verhuring, toekenning en bestuur van lokale

Toesig oor werkers en instandhouding / skoonmaak van geboue, toerusting en terrein

**Vereistes**

Matriek

Uitstekende menseverhoudinge en kommunikasievermoëns

Basiese rekenaar- en instandhoudingsvaardighede

Belangstelling in klank en beeld

Verkieslik iemand wat in die omgewing van die kerk bly

**Werksure**: 40 per week

Enige verdere navrae kan aan die Gemeentebestuurder gerig word.

Stuur asseblief aansoeke na die Voorsitter: Diensverhoudinge by jmnieuwoudt@icon.co.za

**Sluitingsdatum: 18 Junie 2019**




**Ons bied op 24 Augustus 2019 om 9:00 ons baie gewilde Dames ontbyt aan by die skilderagtige Marlenique Estate, geleë in Simondium.**

Ons tema vanjaar is **Denim & Diamonds** - voel vry om 'n denim te dra en kreatief te wees met die res van jou uitrusting.

Ons doen 'n beroep op individue en maatskappye om hierdie geleentheid te ondersteun deur 'n tafel teen R4000.00 of individuele sitplekke teen R400 pp te borg.

Bekende TV-persoonlikheid van die reeks, Tyd met Aleit en styl kenner, Aleit Swanepoel, sal ons MC wees vir die dag. VIA TV se "Die Kontrak"-wenner, Demi Lee Moore, sal jou vermaak met haar onvergeetlike stem. Haar liedjie, "Mis Eet Slaap Herhaal", het no. 1 bereik op iTunes kort nadat dit vrygestel is.

'n Heerlike ontbyt sal bedien word. Elke gas sal 'n geskenk ontvang en sal in aanmerking kom vir die gelukstrekking.

Watter verskil sal u skenking maak in die lewens van die 144 kwesbare kinders waarvoor ons sorg?
Alle gelde wat ingesamel word sal gebruik word om 'n remediërende onderwyser aan te stel.

Kinders word dwarsdeur die jaar toegelaat tot Durbanville Kinderhuis, sommige met min of geen bewyse van voorafgaande formele skoolopleiding . As 'n direkte gevolg hiervan asook beperkte spasie in openbare skole, het die behoefte ontstaan aan 'n remediërende onderwyser.

Om hierdie situasie teen te werk, wil die Kinderhuis hulle help om hulle opvoedkundige tekortkominge aan te spreek en sodoende hulle herintegrasie in die skoolstelsel te vergemaklik en verhoed dat hulle nie skool wil bywoon nie.
Deur die remediërende ondersteuningsprogram te ondersteun, sal u hoop en nuwe geleenthede vir ons kinders skep.

Vir besprekings, stuur 'n e-pos aan Angelina Snyman by events@durbanvillekinderhuis.org.za of by 021 975 6822.

## Ons daaglikse brood

# DIE BATE BEGINSEL

***Sleutels om die geluk van vreugdevolle offervaardigheid te ontdek****

**1.**

**God besit alles. Ek bestuur Sy goed**

*Ons is die bestuurders van die bates wat God aan ons toevertrou het. Ons is nie die eienaars nie.*

Ps 24:1; Lev 25:23; Hag 2:8; 1 Kor 6:19-20; Joh 3:16; Deut 8:18; 1 Kor 4:2; Rom 14:10-12

**2.**

**My hart sal altyd wees waar ek God se bates plaas**

*Kyk wat gebeur wanneer jy jou geld herbelê, van tydelike dinge na ewige bates.*

Pred 5:12; Mat 6:19-21

**3.**

**My Dankoffer is 'n weerkaatsing van my verhouding met die Here**

*'n Offer volgens my vermoë behoort aan die Here, en dit verbly Hom.*

Fil 4:18c,19; Deut 14:23

**4.**

**Die Hemel, nie die aarde nie, is my ware woonplek**

*Ons is burgers van 'n "beter vaderland…. 'n hemelse." Hebr 11:16*

Fil 3:20; Ps 90:10; Ps 39:5b

**5.**

**Ek moet nie net vir die oomblik lewe nie, maar vir die ewigheid**

*Die lewe is veel meer as die tydelike – ek kan nou voorberei vir die ewigheid.*

Hebr 11:25-26; Mat 25:21

**6.**

**'n Lewenswyse van vrygewigheid is die enigste teenpool vir materialisme**

*Gee is 'n vreugdevolle oorgawe aan 'n groter persoon en 'n groter agenda. Hy word meer en ek minder. Joh 3:30*

Pred 5:10, 13-14; 1Tim 6:9-10; 1 Tim 6:17-18

**7.**

**Ons ontvang, meer as wat nodig is - sodat ons meer vrymoediglik kan gee.**

*God gee groter welvaart sodat my offervaardigheid kan groei,*

*eerder as dat my lewenstandaard verhoog.*

Mal 3:10b; Luk 6:38; Luk 12:33; Hand 20:35; 2 Kor 8:7; 2 Kor 9:7, 10-13

*Randy Alcorn, *The Treasure Principle*, Christian Art Publ., 2004



# Vinkel en Koljandermark 2019




## Glowkidz soek jou OM TE HELP

Ons kerk bedien elke Sondag sowat 150 kinders met 'n kindervriendelike erediens en kleingroepe waar die boodskap op 'n prettige en praktiese manier oorgedra word.




Tans het die Here vir ons uiters begaafde mense gestuur wat elke Sondag die boodskap oordra. Hierdie mense doen fantastiese werk, maar moet dikwels met tot 40 kinders op 'n slag werk wat dit moeilik maak om op 'n persoonlike vlak regtig met die kinders betekenisvolle verhoudings te bou. Ons soek dus mense wat bereid is om net tussen die kinders te wees en met 'n klein groepie te gesels. Ons doen elke week 'n handwerkaktiwiteit en dis in hierdie tyd wat ons op die mat saam met maats sit en hulle wêreld leer ken en hul harte hoor. Jy hoef geen voorbereiding te doen nie, jy moet net opdaag! Ons het as gemeente by elkeen van ons kinders se doopgeleenthede beloof om medeverantwoordelik te wees vir hul geestelike opbou. Kom help ons asseblief om hierdie belofte na te kom. **It takes a village to raise a child…**

Kontak Stephanie Steenkamp by
083 278 7111 of juniorjeug@bergsigdv.co.za
vir meer inligting of om aan te meld.

# KINDERPINKSTER, VAKANSIEPROGRAM & OORSLAAP

Die juniorjeugbediening het 'n lekker besige program wat volg. Eerstens word daar apart 'n kinderpinkster aangebied waar die inhoud van die Pinkster spesiaal gefokus is op die kinders om die Heilige Gees beter te verstaan. Hulle gaan op reis met die Heilige Gees. Dit vind in die saal plaas. Ouers kan dus Pinkster bywoon in die ouditorium met 'n geruste hart. Daar is ook 'n vakansieprogram vanaf 18-21 Junie in Bergsig se saal wat deur Bergsig en Moedergemeente aangebied word. Twee kerke bied saam 'n veilige lekker omgewing vir kinders terwyl ouers werk. Dit sal 8:00 - 13:00 plaasvind. Op die 20ste se aand is daar ook 'n Gr. 4-6 oorslaap by die kerk.










zapper donate with VISA and many more www.zapper.com
scan to donate now

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527